Ongesertifiseerde moere

Is dit die risiko werd?

Daar is verskeie faktore wat die opbrengs van aartappels bepaal. Die gebruik van gesonde moere is sekerlik die belangrikste van al die produksie-faktore. Dit is ook die enkele faktor waaroor daar beheer uitgeoefen kan word. Verontagsaming van hierdie een aspek kan die hele aartappeloes laat misluk.

Chris du Toit,
Bestuurder:
Aartappelsertifiseringsdiens

Die outeur (links) bespreek die gevolge van strawwe virusinfeksie met Charles Rossouw, produsent van die Groblersdaldistrik

Dié land is met bakteriese verwelksiekte besmet.

Indien daar van swak en ongesertifiseerde moere gebruik gemaak word om 'n aanplanting te vestig, kan ander produksie-insette soos bemesting, bespuiting, bewerking en besproeiing reg toegepas en bestuur word. Ten spyte daarvan, sal daar nie 'n optimale opbrengs verkry word nie.

Ongesertifiseerde moere verberg gewoonlik een of ander defek wat nie noodwendig ooglopend waargeneem kan word nie. Die vernaamste hiervan kan bakteriese verwelksiekte, erwinia, virusbesmettings en variëteitsafwykings of vermenging insluit. Die meeste van hierdie afwykings kan 'n enorme impak op die verwagte opbrengs hê. Knolgedraagde siektes wat in oormaat hoeveelheid op knolle voorkom kan die ontwikkeling van halms en knolsetting drasties beïnvloed. Sekere van die bogenoemde siektes kan lang en vêrrykende gevolge en selfs 'n blywende effek op die grond hê waarvan die gevolglike skade moeilik berekenbaar is, maar wat op die lang duur astronomies kan wees.

Ongesertifiseerde moere bied geen definitiewe indikasie betreffende die siektestatus of kwaliteit van die moere nie, daarom word sulke moere as 'n groot risiko beskou deurdat die res van die insetkoste hierdeur op risiko geplaas word. Hierteenoor verg die verbouing van gesertifiseerde moere onder die "Skema" besondere aandag onder leiding en toesig van opgeleide en gekwalifiseerde sertifiseringspersoneel van Aartappelsertifiseringsdiens.

Te veel produsente heg nog nie genoeg waarde aan 'n sertifiseringsetiket wat aan moersakke geheg word nie. Dit is nie noodwendig dat moersakke wat van 'n veronderstelde moerkweker af kom, noodwendig gesertifiseerd moet wees nie. Daarom is dit die koper van moere se plig om voordat hy die moere aflaai eers homself van die status van die vrag moere te vergewis. Baie produsente word nog steeds mislei en betaal vir gesertifiseerde moere, terwyl ongesertifiseerde materiaal ontvang is.

Met inagneming van die komponente wat die insetkoste uitmaak tydens die beplanning van aanplantings, beloop moere se aankoopprys 'n beduidende 15 tot 23% (CHIPS, vol 16, no 2) van die totale produksiekoste. Sodra gepoog word om 'n besparing in produksiekoste te weeg te bring, is moere gewoonlik die eerste item waarna gekyk word.

As ons al die gevare van ongesertifiseerde moere in ag neem en die risiko wat 'n produsent loop met ongesertifiseerde moere, brand die rooilig baie sterk en kan die vraag tereg gevra word: As daar na besparing in produksiekoste gekyk word, moet besparing in moerkoste nie laaste op die lys kom nie?